13 April 2011

Geagte Ouers

Die besige eerste kwartaal van 2011 is agter die rug en glo dat u met my sal saamstem dat Laerskool Knysna soos altyd uitstaande kwaliteit handhaaf wat betref akademie, dissipline, sport en fasiliteite, afrigting, kuns en kultuur, instandhouding, ens. Ek glo ook dat u verder met my sal saamstem dat hierdie hoë standaarde beslis nie moontlik is sonder ’n toegewyde, gemotiveerde en **lojale span personeel** nie en by Laerskool Knysna is ons bevoorreg om inderdaad so ’n span personeel te hê waarop ons as Knysna ouers met reg baie trots kan wees.

Om een van ons dankbare ouers aan te haal:”...ek betaal my drie kinders se skoolgelde met groot dankbaarheid, aangesien ek weet dat ek vêr in hierdie land sal moet gaan soek vir ’n beter skool vir my kinders!”

Hoewel ons as ouers dalk mag redeneer dat dit in elk geval ’n onderwyser se plig is, kan ek u die versekering gee dat Laerskool Knysna oor ’n buitengewone span personeel beskik wie se entoesiasme, toewyding en bereidwilligheid baie verder strek as net die voor-die-hand-liggende wat op papier van hulle verwag word. By skole waar hierdie toewyding en bereidwilligheid ontbreek om die ekstra myl vir die leerders te stap, ly verskeie terreine van opvoeding en veral buitemuurse aktiwiteite, erg daaronder.

Met Knysna Sportskool, wat vanaf 1 Januarie 2011 ook nou deel vorm van Laerskool Knysna, is daar nou selfs meer opwindende geleenthede op sportgebied tot ons leerders se beskikking. Hierdie ekstra sportfasiliteite en wedstrydgeleenthede het egter ook ’n verdere verantwoordelikheid vir ons personeel meegebring ten einde ook van bogenoemde ’n sukses te maak. In baie gevalle moes personeel dus nie net die ekstra myl stap nie, maar ook die tweede myl aandurf.

Met bogenoemde in gedagte, wil ek hiermee graag almal aanmoedig om ons onderwysers moreel te ondersteun en soms ook sommer ons waardering op ’n tasbare manier te wys. Indien u so voel kommunikeer asseblief u waardering aan die personeellid wat direk met u kind/ers werk. (’n Blyk van waardering beteken soveel meer vir die personeel as wat ons ooit kan dink).

Namens die beheerraad wil ek ook ’n versoek aan ouers rig om asseblief stiptelik te wees met die oplaai van u kind/ers na oefeninge, wedstryde of toere, aangesien die personeellede verantwoordelik en aanspreeklik is tot die laaste kind opgelaai word. In sporadiese gevalle was ouers al tot ’n uur laat en ek glo dat u sal saamstem dat dit nie regverdig is teenoor die onderwyser en sy/haar eie gesin nie. Kom ons respekteer asseblief ons lojale personeel se tyd.

Baie dankie aan Mnr. Stoker en sy span wat bereid was om met die ekstra sportfasiliteite en aktiwiteite selfs nog meer verantwoordelikhede op hulle te neem in hulle strewe na selfs nog hoër vlakke van uitnemendheid vir Laerskool Knysna.

Die beheerraad wil hiermee ook graag al die ouers wat getrou hul kinders se skoolfooie betaal opreg bedank vir hul toewyding.

Beste wense vir al ons ouers, leerders en onderwysers vir die res van 2011. Ons vertrou dit sal weereens ’n uitsonderlike jaar vol hoogtepunte wees vir almal betrokke by Laerskool Knysna.

Vriendelike groete

Jan van Wageningen
VOORSITTER: BEHEERRAAD